

Gebedskalendar – Augustus 2017

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
		1. Rava-voedingsprojek. Here, voorsien asb hande en middele.	2. Ons dra ons senior lidmate op aan die Here. Ons bid in besonder vir Lion's Haven	3. Ons dra ons jeug op aan die Here.	4. Ons dink in stilte na oor die God van liefde in Wie se hand ons is.	5. Bid vir die Woordverkondiging wat môre oor die land gaan plaasvind.
6. Tsoseletso – bid vir die bediening van ons huis- en tuinhulpe, maar ook vir Fokase, die evangelis.	7. Bid vir ons kantoorpersoneel. Dankie die Here ook vir mense wat hulle gawes en talente gebruik in Sy diens.	8. Bid vir 'n biddende gees in ons gemeente.	9. Dank die Here vir vrouens wat in ons land, gemeenskap en gemeente 'n verskil maak.	10. Bid dat mense 'n liefde vir God en Sy Woord sal ontwikkel. Bid vir 'n leerbare gees.	11. Bid vir ma's wat werk en hulle huise moet versorg.	12. Danville kamp – bid vir al die reëlings wat al reeds besig is om te gebeur.
13. Garagediens – Bid vir ons jeugwerkers se werk onder ons tieners.	14. Bid vir ons Finansiesbediening en ons gemeente se finansies.	15. Ons dank die Here vir die suksesvolle kinderweek van verlede maand.	16. Jeug – bid vir die jong mense van ons land wat die toekomstige leiers gaan wees.	17. Bid vir ons Gemeenteraad en die vergadering van vanaand.	18. Ons dra ons lidmate wat met kanker worstel op aan die Here.	19. Bid vir die Woordverkondiging wat môre in ons gemeente gaan plaasvind.
20. Dank die Here vir vrouens wat in besonder diensbaar is in ons gemeente.	21. Bid vir die span wat die gemeentefees beplan.	22. Dink in stilte na oor die goedheid van die Here.	23. Bid vir die bejaardes in Rusoord en Eldoraige aftreelandgoed.	24. Bid vir ons huishulpe en tuinwerkers.	25. Spandeer 10 min in stilte en rus by die Here.	26. Bid dat die Pitkosprogram vir ons vrouens tot seën sal wees.
27. Bid dat die deelnemers aan die Nagmaal die seën van die Here sal ervaar.	28. Bid vir die Gemeentefees.	29. Bid vir ouers wat hulle kinders tot doop wil bring.	30. Bid dat ouers hulle doopbelofte gestand sal doen.	31. Bid vir ons Herderleiers wat ons kleingroepe moet begelei.		